# DIE BYBEL

Baie Christene koester nie die Bybel nie.

**Dit is so maklik om ‘n Bybel te verkry, maar dis ook net so maklik om dit te verwaarloos en nie oop te maak nie!**

**Iemand wat die Skrywer van die Bybel ken, sal egter baie graag die Bybel wil lees.**

‘n Man van Kansas City in Amerika was erg beseer in ‘n ontploffing. Evangelis Robert Summer praat van hierdie man in sy boek, ‘Die wonder van die Woord van God’.

Hierdie man se gesig was erg vermink. Hy het sy sig verloor asook beide sy hande.

Hy was ‘n nuwe bekeerling en die grootste teleurstelling vir hom was dat hy as gevolg van hierdie besering nie meer die Woord van God sou kon lees nie.

Hy hoor toe van ‘n vrou in Engeland wat braille met die hulp van haar *lippe* lees. Nadat hy haar gekontak het, het sy vir hom ‘n paar boeke van die Bybel in Braille gestuur.

Dit was egter vir hom ‘n groot teleurstelling om intussen uit te vind dat die senu-wee-eindpunte van sy lippe totaal vernietig was met die ontploffing en dat daar geen gevoel in sy *lippe* meer was nie.

Hy het, nadat hy die Bybelboeke in Braille gekry het, dit uit opgewondenheid styf teen sy bors vasgedruk met sy arms. Sy *tong* het per ongeluk aan ‘n paar van die Braille letters geraak en hy was verheug om te ontdek dat sy tong wel gevoel ge-had het.

‘Nou kan ek sowaar probeer om die Bybel te lees deur middel van my tong’ was sy eerste gedagte. ***Daardie man, skryf Summers, het al vier keer deur die By-bel gelees met sy tong!***

**Broer, Suster, Jongmens: hierdie man, wat sonder hande en sonder sig is, het die Bybel al 4 keer deurgelees, en dit deur sy tong te gebruik! Hoeveel keer het ons, wat hande en sig het, die Bybel al deurgelees?**

**Wat is dit wat jou verhinder om jou Bybel gereeld te lees en te ontdek wat God daaruit vir jou wil sê? Vra die Here om dit wat jou keer, uit die weg te ruim.**

***Groete*** ***Ds Leon Tait***

***1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig***



Maandblad
NG Rietfontein-Suid
Christus alles in elkeen!
Die Rietfluit
AUGUSTUS 2013

## GOED OF GOD ?

Ons wil graag dat alles goed gaan en dat ons lewe goed uitwerk. Ons doen goed en probeer goed leef met die hoop dat alles met ons sal goed gaan. Soos M in die fliek *The sound of music* toe sy uiteindelik haar lankgesoekte liefde ontdek en vir hom sing: *ek moes iewers seker iets goed gedoen het om iemand soos jy te kry*. Is dit hoe die Here werk ? As ons goed doen, dan doen Hy goed aan ons en laat alles goed uitwerk?

Ek dink jy kan dadelik ‘n rits Bybelgedeeltes en voorbeelde aanhaal om aan te dui dat God nie alles laat goed uitwerk soos ons altyd hoop en vra nie. Waarom sou dit so wees ?

‘n Kort verhaal kan help om hierdie vraag te belig. Toe ‘n kind in die hul huis op die tweede vlak die badkamer besoek, het hy besluit dat hy nou groot genoeg is om die deur te sluit. Toe hy die deur later wou oopsluit, het hy met alles in sy vermoeë probeer, maar tevergeefs. Benoud in die donker badkamer, het hy gegil. Sy pa het gou die leer aan die buitekant by die venster staangemaak en die venster oopgemaak. Deur die oopvenster het hy ingeklim en die deur oopgesluit vir sy benoude seuntjie. Wat doen die kind? Sonder boe of ba hardloop hy uit na buite en gaan speel asof niks gebeur het nie.

Sommige mense dink dat dit is hoe die lewe vir kinders van God moet werk. Wanneer ek in die moeilikheid is moet God gou die toe deure oop maak en alles goed maak, sodat my lewe sou gou as moontlik ongehinderd kan voortgaan.

Ons weet die lewe werk nie so nie! Hy maak nie gou-gou alle toe deure oop nie, wanneer dit sukkel in die huwelik nie, wanneer jou kind rebels is nie, wanneer vriende jou in die steek laat nie, wanneer finansiële krisis oor jou pad kom nie, wanneer siekte jou tref ondanks jou gebede of moontlik verdiep jou depressie ten spyte van jou medikasie of beleef jy nog ‘n teleurstelling tsv alles wat jy doen vir die Here en ander.



Die waarheid is dat God nie soos die pa in die verhaal deur die venster in ons nood inklim om gou die deur oop te maak nie, sodat ons kan uithardloop om ongehinderd met ons lewe voort te gaan nie. Ons hemelse Pa kom sit in die badkamer op die vloer langs ons en nooi ons uit om by Hom te kom sit. Dit is vir ons hemelse Pa belangriker om met ons te kuier as om ons gou-gou na buite te stuur om te "speel". Ons dink ons weet wat ons nodig het om ons gelukkig te maak. Ons skreeu benoud: sluit oop die deur, gee dit...doen dat...!

Die Here nooi jou uit om eerder by Hom te sit en stil te word. Hy is die grootste skat! Hy is die grooste seëning! Ons gemeenskap met Hom –selfs in ons donker kamer- is baie waardevoller as om een of ander iets te kry wat ek dink ek dringend nodig het. Om vir Hom meer te beteken is kosbaarder as voorspoed.

Die keuse is joune en myne: Goed of God ? Wat weeg vir ons die swaarste ?

***Wie het ek in die hemel behalwe U ? Op aarde soek ek net vir U....wat my betref dit is goed om naby God te wees*** (Ps 73:25,28)

Saam aan Sy voete!

*ds Leon van Heerden*

## !! ONTHOU DATUMS !!

- **9 Aug:** Vakansiedag - Nasionale Vrouedag
- **23 Aug:** Moot Care / Brood vir Nood aand
- **25 Aug:** Gesinne in Harmonie-diens & Doop
  Aanddiens @ 18:00 - Belydenisaflegging

Sien jou daar!





**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, ver-ouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze by 072 111 3100 of ilzedples@gmail.com




# *Die Gemeente wat vir almal omgee!*

Omgeegroepe

Ons gee om.

**KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.**

**VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:**

*Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:*

*Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591*

## Kombadja-projek - "Rys vir arm oumense"

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas /ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema

## PENSIOENARISSE - Kom bederf jouself!

Manikuur (hande) R60

Pedikuur (voete) R70

Eyebrow waxing R25

Eyebrow tint R25

Volstel naels (tips) R130

**Kontak Rinaldi @ 012-333-4114 of 084- 593-1191**

174 Cragg str. Queenswood x 2 (naby Wikkies pompe)



# DRA MEKAAR SE LASTE

*Dra mekaar se laste, en gee op die manier*
*uitvoering aan die wet van Christus.*
*Galasiërs 6:2*

As ons maar net van onsself kon vergeet en aandag kon gee aan ander se leed, sou die lewe baie meer vreagde inhou vir ons almal - vir my en vir jou.

Maak vandag iemand anders se las ligter deur daaraan te help dra.



# PRYS DIE HEER!

*Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan,*
*Moet die Naam van die Here geprys word!*
*Psalm 113:3*

Of ek nou kyk na die son wat in die hemel skyn, of na blink doudrup-ples wat stadig verdwyn, en of ek luister na die wind wat gaan lê en bedaar - Wat ook al gebeur, ek weet U is daar.



Verwelkom die nuwe dag aan die sy van jou best Vriend - Jesus Christus!

Helen Steiner Rice - 'n Nuwe Môre



# Taakspan vir Vroue

Dit is werklik `n voorreg om deel te wees van hierdie Taakspan wat se visie is: *Om met Omgee-Liefde diensbaar vir die Gemeente en God se Koninkryk te wees*.

`n Mens hoor so dikwels dat dames sê, “Ek voel so skuldig dat ek nie tyd het om by die gemeente se aksies in te skakel nie en het regtig nie tyd om nog vergaderings ook by te woon nie”.

Die goeie nuus is dat jy betrokke kan raak en boonop die verskil kan SIEN wat jy maak!! Deur slegs`n bydrae van R20 per maand te maak tot die Vroue-taakspan se fondse, word jy deel van hierdie span.

Die enigste geleentheid wat jy hoef by te woon is die Dankie-sê geleentheid, WAAR JY BEDERF WORD!

Die Taakspan het diensgroepies wat met liefde dien soos

- Sondae se tee-skink
- Verversings en tee by vergaderings
- Opgradering en verfraaiing
- Omgee na binne en buite die gemeente ens. (Meer inligting op die webwerf)

As jy nog nie deel is van die Taakspan nie, word jy hartlik uitgenooi, JY KAN `N VERSKIL MAAK!!

Seënwense vir elke besige gemeente-vriendin.



# KEYS to LIFE / SLEUTELS tot LEWE – Jesus

Die 40 dae het 21 Julie afgeskop en ons is op reis saam met die Heer, mekaar en ander christene van 78 gemeentes oor die land heen! Wow!

***Welkom aan almal wat die uitnodiging aanvaar het en saam reis.***

Ons gaan week vir week 'n nuwe sleutel ontdek wat vir ons verder en dieper lei op die pad van ware lewe saam met die Heer.

**Wat ons vir jou vra:**

- Lees elke dag jou dagstukkie in die 40dae-gids!
- Bid gereeld en stel jou lewe oop vir die Heer om sy doel in jou lewe te bereik
- Om nie 'n erediens te mis gedurende hierdie tyd van ons 40 dae nie.
- Skakel by omgeegroep in vir 40 dae en nooi ander saam! (al het dit reeds begin kan jy nog enige tyd in skakel) Kontak vir Liezel 076 840 5591
- Skakel in by  een van die gesamentlike gebedtye in gebedskamer soos gereël nl  voor eredienste , Dinsdae om 12:00-13:00 (kom en gaan)  en Donderdae tussen 17:30-18:30 (kom en gaan ).

**Dinge en Datums om te onthou:**

- Die kinders (in oggend) en jeug (in aand) neem ook deel aan hierdie 40 dae
- Die afsluitingsfees geskied  DV op *Sondag 8 September* direk na oggenddiens (lekker eet, drink en kuier asook uitstalling van elke groep en hul dinge)

***Vir enige vrae kontak:*** Liezel (076 840 5591), ds Leon van Heerden (083 660 1803), ds Leon Tait (082 601 4235), of mbt kinders Lita (082 453 8421), mbt na-skooljeug  vir DJ (083 420 2217), of skoolgaande jeug vir Stanwin (079 525 5695). Vir boekies Gert (072 120 2952) of Carine (082 410 0578).



NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

NG RIETFONTEIN-SUID KARNAVAL

deur Christus-liefde gee ons vir almal om

**14 September 2013**

**7:00 tot 14:00**

**Adelaars Sportterrein**
**18de Laan, Meyerstraat**
**Wonderboom-Suid**

**Parkering Beskikbaar**



**Navrae:**
Herman Labuschagne
082 461 1152

★Mini-Krieket